PREEK
25/03/2018

Teks: 1 Kor. 10: 23; 11:1
Tema: Grenslose vryheid versus verantwoordelike vryheid.

Tans beleef ons land 'n oorgangstyd waar die **speelveld** op verskillende vlakke in 'n proses van "gelykmaking" is. Voorbeelde hiervan vind ons in die **werkplek**. In 'n vroeër mans gedomineerde werksomgewing vind vroue al meer 'n staanplek in die werkplek. Werkgewers word ook verplig om by aanstellings met die demografiese samestelling van die omgewing rekening te hou. Dieselfde beginsels word toegepas op die **sportveld**. Die afgelope tyd is ook gekenmerk deur protesoptredes om **opleidings** inrigtings, skool, universiteit toeganklik te maak vir almal. Verder is **grond** tans die fokus van intense debat.

Die gelykmakingsproses is **kompleks**. Geen enkelvoudige formule en kitsoplossings is beskikbaar nie. En wat meer is, diegene wat by die proses betrokke is (politieke partye, vakbonde, burgerreggroepe ens.) is meestal belangegroepe wat eie belange dikwels bo landsbelang stel. Konflikhanteringstyle wat gebruik word, maak gebruik van metodes soos dreigemente, wetteloosheid, vandalisme, magsvertoon deur massa mobilisering ens. – alles metodes wat die proses eerder vertroebel as oplos.

In dié debatte durf die kerk nie as toeskouers op die kantlyne te staan nie. As kerk het ons die roeping tot brugbou (2 Kor. 5: 18-19). Die Woord rus ons toe met wysheid om as mediators deel te neem aan die skepping van 'n samelewingsbestel waar geregtigheid seëvier. In die proses is die kerk die stem vir die stemlose. Die kerk verteenwoordig nie soos bogaande belangegroepe 'n spesifieke groep wie se saak sy dryf nie. Nee die kerk is die instrument van die Drie-Enige God aan wie alles behoort (1 Kor. 10:26). As kerk beroep ons, ons op die Bybel – die Koninkryksgrondwet wat bo tyd, plek, groep en saak staan. Die Bybel onderrig ons in die waarheid, stel dwalinge aan die kaak en bestry dit, help om dit wat verkeerd is, reg te stel en lei ons op 'n pad van reg-lewe. (2 Tim 3:16). In die Bybel vind ons **beginsels** aan die hand waarvan ons komplekse sake soos hierbo genoem, kan oplos.

In Kor. 10:23, 11:1 word die volgende beginsel neergelê: "'n mens moet nie sy eie voordeel soek nie, maar dié van 'n ander".
In die gedeelte behandel Paulus die saak van "vryheid". Die vryheid wat hier ter sprake is, is die vryheid wat Christus met sy kruisdood vir elkeen wat glo, bewerk het. Hy bevry ons van die slawejuk van Satan, en stel ons in diens van God. Hy bevry ons van ons sondeskuld deur ons rekening by God met sy bloed te vereffen. Nou is ons vry soos 'n voël wat uit 'n voëlhok bevry is en sy vlerke in die vrye ruimtes daar buite kan klap. Met die nuut gevonde vryheid duik daar egter waarom vrae op soos in vss. 29-30. Is ek nou so vry dat ek enigiets kan sê en doen.

Paulus antwoord dié vraag in die lig van die genoemde beginsel in vs 24 met 'n voorbeeld van kos. Vir hom as Jood wat tot geloof gekom en deur Christus vrygemaak is, bestaan die reinheidsvoorskrifte in verband met kos waarvan ons in die Ou Testament lees en wat vir hom as Jood gegeld, nie meer nie. Hy kan nou enige iets eet (vgl. ook Hand 10: 9-10 en Matt 15: 10-20).

As gelowige leef jy egter nie in isolasie van ander mense nie. Wat jy sê en doen het 'n impak---positief of negatief. Die positiewe impak beskryf hy met die woorde "heilsaam" (=dit wat genees of wat iemand gelukkig maak) en "opbouend" (vs 23). As dit die impak is wat jou praat en doen het, is jy vry om enigiets wat dié uitkoms tot gevolg het, te sê/doen. Maar as jou woorde en dade die teenoorgestelde impak het, is daar rooi ligte. Dan moet jy stop en daarmee ophou. As kind van God mag ek nie aanstoot gee nie - aan niemand van my eie bevolkingsgroep (Jode), of ander bevolkingsgroep (Grieke) en ook nie aan my medegelowiges (uit watter groep hulle ook al afkomstig is) nie. (vs 32).

Dit is duidelik dat Paulus nie volstaan met die korrekte protokol tydens etes (eet/drink) nie. Die woorde "wat julle ook al doen", sluit alles in (vs 31), maar ook almal met wie jy vir aanraking kom. Die beginsel van nie eie voordeel soek nie, maar dié van 'n ander" het 'n dieper begronding; nl. die **eer van God** (vs31). Ten eerste

moet dit wat ek sê en doen God se goedkeuring wegdra. In Fil 3:17 sê Paulus: "en deur Hom: Die toets is dus: Kan ons Jesus as Getuie met absolute vrymoedigheid betrek by ons praat en doen. En sal God, die Vader, geëerd en trots voel. En sal die Heilige Gees bedroef word of Sy vrug werking in ons waardeer.

Nou is dit tog moontlik dat 'n mens onder die illusie kan leef dat jy binne God se wil optree wanneer jy praat en doen. So het die mense in Matt 7: 21-23 hulle ook vergis. Hoe sal ek dit weet? Prakties lê die antwoord of ek slaag of nie in wat die effek van my sê en doen op my medemens het. Word my optrede as heilsaam, opbouend en nie aanstootlik ervaar. Ek sal dit slegs weet, as ek let op die respons van diegene om my.

Op sosiale gebied praat ons vandag van sosiale intillegensie. Dié begrip verwoord dit wat die Woord ons in 1 Kor. 10:23-11:1 leer oor verantwoordelike omgang met ons nuut gevonde vryheid in Christus. Die liefdesgebod stel grense – ook aan vryheid. Die grense is nie beperkend van aard, maar gee juis vryheid in verhoudingsvloei. Grenslose vryheid verstop en versper juis dié vloei. Trouens dit verongeluk dit juis!

In Christus se sê en doen, vind ons die volmaakte voorbeeld van die handhawing van die balans tussen die eer van God en die heil van mense. Daarvoor het Hy Sy EK – belange eenkant geskuif en ons belange prioriteit gegee. Maar Hy het dit nooit en koste van God se eer gedoen nie. Vergelyk hier byvoorbeeld sy skerp woorde gerig aan die adres van die Skrifgeleerdes (Matt 23-24) en selfs toe Hy Petrus ernstig berispe het (Matt 16: 22-23). In Jesus se gedrag vind ons die volmaakte voorbeeld van dit wat HY sê wanneer Hy die kernbetekenis van dit wet (=opsomming van God se wil) uitspel (Matt 23: 37vv). Sy gedrag en woorde stoot dus diegene af/weg wat nie in pas met God se eer/wil handel nie en trek nader diegene wat juis so wil lewe. Paulus se eie lewe het op die Damaskuspad 'n dramatiese ommekeer van 'n ek-beheer na Gees-beheer ondergaan. As gevolg van die ommekeer-ervaring daag hy nou medegelowiges uit om 'n soortgelyke ommekeer te maak en die spore wat Jesus getrap het saam met hom te volg. Slegs wanneer ons van uit die spore praat en doen, word/is ons instrumenteel in God se koninkryksplan; nl. die opsoek en red van die wat verlore is. Ons roeping tot getuie-wees sal dan nie weerspreek word deur taal en gedrag wat afbreek en afstootlik is nie. Mag ons, ons vryheid so bestuur dat dit 'n bevrydende uitwerking sal hê op almal om ons.

AMEN

Besprekingsvrae:

1. Bespreek die vraag in 1 Kor. 10:29: "Waarom moet my vryheid beperk word deur 'n ander se gewete"

2. Watter implikasies het 1 Kor. 10:31 vir ons
    * onder – die – belt grappies
    * alle grappies ten koste van iemand anders
    * haatspraak

3. Hoe moet ons as gelowiges ons kinders leer om ouer persone (ook van kleur) aan te spreek.
4. Wanneer ons kwaad raak, praat ons maklik ons mond verby en kwets. Watter raad gee Jak 3: 5-10?